Ges. 99:1
Ges. 120:3
Ges. ~~135:6~~ 119:11

# Gethsemané

~~Mt.~~ (Joh. 14:1)
Mt. 26:36–46.

Mt. 30 Mrt, 1941. a.
Mt Stasie Mt 21z

Mt. 26:39 – My Vader as dit moontlik is, laat hd. dnk. beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Elke mens gaan een of ander tyd van sy lewe deur Gethsemané – sy Geths. van lyding of eensaamheid of donkerheid en stryd. Vir elkeen van ons wag daar op ons lewenspad – een of ander tyd – die nag van duisternis wanneer dit voel asof jy van God en mens verlate is. Party van ons, wat nie so fyn-gevoelig en besnaard is as ander nie, kom makliker deur die worsteling en die stryd – mr. daar is ook mense wat 'n as gevolg van ~~deur~~ hulle fynbesnaarde, teergevoelige nature 'n nag van lyding deurmaak wat ~~so~~ 'n mens voer tot aan die rand van wanhoop en dood.
→ Gew. as gevolg v. sondes: wil nie vergeef. maag a tog: sy
dit is dan wanneer iemand kry is om ... dat Xtus se nag lewensgethsemané deur te gaan, dat Xtus se nag so 'n iemand ~~mens~~ betekenis kry van lyding en angs vir
Voordat ons nie self eens iets daarvan deurgemaak het of 'n dierbare of 'n vriend dit sien deurmaak het, kan ons nie verstaan wat die nag daar aan die voet v.d. Olyfberg gebeur het nie, kan ons nie besef wat daar in die siel van Xtus omgegaan het in dd. nag daar onder die skadu v.d. Olyfbome nie. / En vir ~~at~~ die van ons wat nie iets van dd. Geth. ken nie, sal die ~~[illegible]~~ boodsk. van vanaand miskien nie baie beteken nie – mr. dan bid ons dat dit ons iets mag laat verstaan & voel van wat dit beteken om deur dd. hel v. eensaamhd & lyding deur te gaan: dit sal ons 'n help. harte ~~oopm~~ oopmaak & ontvanklik stem as ons iemand mee te doen kry wat ~~iets v. Xtus~~ so 'n

se Geths. moet deurmaak.

I Sy kalmte voor die stryd: Ons hoef mr. net Joh. 14-17 te lees en te vergelyk met die beskrywing v. Geths. om verbaas die vr. te vra: Mr. hoe is dit dat Jesus so kalm kan bly voor die stryd? Is dit moontlik dat die Xt. v. ~~Joh.~~ die Oppersaal & d. Xtus van Geths. dieselfde kan wees? En tog is dit so! Xtus het geweet wat voorlê – die stryd, die lyding – en tog kan hy moedig en innig met sy dissipels verkeer na die Nagmaal // Hoe anders as ons, mense, wat ~~alles~~ ons hele lewe en sielerus laat bederf deur die gedagte aan 'n onaangename taak wat voorlê. Dit vreet aan ons siele, maak ons senuweeagtig en prikkelbaar, maak ons isegrimmig en omgekrap, dit versuur & verdonker ons lewe!

// Mr. by Jesus was daar niks daarvan nie. Alhoewel hy geweet het waarop Judas uitgegaan het, en wat besig was om plaas te vind – tog val daar geen woord van smart of pyn van sy lippe. Inteendeel dis juis in dd. mr dat hy sy dissipels vertroos soos nog nooit vantevore nie. Dis hy wat sê: „Vrede laat ek julle na; my vrede gee ek julle." „As ek weggaan sal ek die Trooster na julle stuur"; en „Dit het ek vir julle gesê dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed – Ek het die wêreld oorwin":

– Dis d. Jesus v.d. Oppersaal: kalm en moedig terwille van sy vriende, sy swak wank. vriende. wat Hom netnou gaan verlaat & verloën



II Die Stryd in Gethsemané: Mr. nou sien ons Jesus in Geths. – gewikkel in 'n ontstellende sielestryd totdat sy sweet soos druppels bloed op die aarde val. Ons sien hom sy 3 vriende saamneem om met hom te waak. Ons sien hom 'n endjie verder stap en dan, bedroef en benoud, op sy knieë val en ons hoor hom bid:

„My Vader, as dit moontlik is, laat hd. beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil".

Die vr. kom by ons op: Mr. waarom het Jesus met so 'n naamlose angs teruggedeins van sy dood? Waarom het hy so bang & benoud & bedroef geword? Waarom het hy in die laaste oomblikke nog gebid dat as dit moontlik is die beker moet verbygaan? Ons

a) Een uitleg wat gegee is: Bang vir die dood. Xtus was kan dit opsy skuiwe as onwaardig. Xtus was nie bang om te sterwe net omdat die dood voorgelê het nie: as dit so was dan is die ontstellende ~~spanning~~ ens. Daar is hier angs & bloedsweet onverklaarbaar. Iets meer iets baie diepers, baie ontstellender: iets waarvan hy nie kon loskom nie hy worstel, iets wat hom kwel

b) Xtus martelaar: Nog minder die ander uitleg: Xtus martelaar – dit was die gevaar, die pyn, die lyg. lyding waarvoor hy teruggedeins het.
– Ook dit voel ons is nie reg nie: Xtus was geen martelaar nie, wou nie martelaar wees nie – ons kan hom nie met 'n martelaar vergelyk nie. Hd. dinge sou hom nie vir 'n oomblik teruggehou het as hy geweet het dat hy daardeur vreugde & geluk in d. lewe v.d. mens kan bring nie.
→ Altyd bereid ←

Dit was ook nie dit wat hom teruggehou het nie: daar is hier iets v. 'n ander aard, een of ander groot las, 'n vrees en angs wat baie dieper gaan.

Mr. wat was dit dan? (Hoekom was Xtus so diep geraak? Hoekom was hy bang)? – Hy sien voor ~~was bang~~ hom die volg. stap – die enigste wat Hy kan neem: en dis daaraan dat hy bid om verlos te word.

Hy weet dat hy doodgemaak gaan word – en ~~Hy~~ sy hele hart smag om te sterwe as dit, as dit die mens v. sonde kan verlos, die sonde wat hy verag met sy hele siel — en tog, as hy toelaat dat die mense hom doodmaak, dan word in dd. daad die doodsklok v.d. mens gelui – as hulle hom doodmaak begaan hulle d/mee die grootste swartste sonde wat nog ooit op die wêreld gepleeg is. //

// Dit is sy sielestryd, sy angs & ellende: dat as hy toelaat dat die mense hom, die seun v. God, doodmaak – dan laat hy toe dat hulle d/mee die swaarste verdoeming op hulle hals haal: dan is die diepste en vreeslikste sonde van alle tye gepleeg: dan het die mens sy eie verdoemenis bewerk & verseël.

En d/om bid Hy: „My Vader, as dit u wil is, laat hd. drinkbeker van my verbygaan" ~~D~~ So kniel Hy, Jesus Xtus, sy hele siel, sy hele lewe ~~sy siel~~ & al ~~begeerte~~ brandend van begeerte om ~~die~~ die mens te red en te sterwe as dit die mens sal help: – en tog sien Hy, dat as die mens Hom,



die Heilige, die Reine, doodmaak dan is hulle beker van ongeregtigheid vol: daar is geen erger misdaad in d. wêreld as ddie // En dit is wat dit vir hom so ontsettend swaar maak om te dink dat Hy, wat gekom het om die mens te red, dat Hy nou die oorsaak moet word v.d. mens se {ondergang / diepste sonde! Dit is die beker wat hy gevra word om te dink.

Mr. dis nog nie al nie: dis asof Xtus vir hom self sê: „My Vader kan alles vergewe – mr dit kan Hy nie vergewe nie." Want dit was Xtus se boodskap: vergiffenis, die vergiffenis wat God skenk. Mr ~~God~~ dis asof Hy homself afvra: „Mr. sal God hd. sonde ook kan vergewe? Ek is tog Sy seun, sy Geliefde, Sy oogappel, – dit sal my Vader se hart breek: God kannie vergewe as hulle my vermoor nie" God sal alles vergewe, mr. dit kan hy nie vergewe nie!

En tog: dit is die beker wat Hy gevra word om te dink: om sy Vader se hart te breek. „My Vader. as dit moontlik is, laat hd. drinkbeker by my verbygaan" // Dit is sy smeekbede, sy stryd.

III Die Oorwinning: „Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" Hy dink dit – En nou, nou sien ons die heerlikheid van God soos nog nooit vantevore: die liefde, die onpeilbare genade van 'n Hemelse Vader! As ~~Hy~~ Xtus dd beker

druk, as Hy sterf op Golgotha, as ons daar die toppunt v. ons & die wêreld se sonde aanskou, en die gebroke hart v.d. Vader: – as ons aanskou alles wat d. wêreld aan God gedoen het, dan sien ons:

// Dat daar niks op die wêreld is wat God nie kan vergeef nie // Dan sien ons: daar is geen sonde ter wêreld wat God nie kan en wil vergewe nie

want die grootste sonde, die ergste misdaad wat ooit gepleeg kon word teen God, is gepleeg op Golgotha – en die antwoord van God was nie wraak en vergelding nie, mr. vergifnis.

Omdat Hy dit vergewe het, kan Hy alles, alles vergewe! Want in Golg., in d. dood v. Xtus, is die hoogste eis gestel a.d. vergifnis van God: En die Here het geantwoord: "Ek vergewe" ↓ [~~Dit was die hoogste toets:~~ ~~of die Heer sou vergewe as die~~ ~~sy onskuldige Seun sou~~ Sonder Geths. sou ons nooit kon ~~wêreld~~ verstaan het wat Gods liefde & vergifnis beteken nie. ~~vermoor~~]

~~Mr. nou weet~~ ons ook wat ons moet antwoord: ⟵

⟶ ~~En d/mee sê die Heer aan elkeen wat wil hoor en verstaan: Daar is geen sonde, geen kwaad, geen onreg wat God nie wil vergewe en sal vergewe as ons dit net na Hom wil bring!~~

En nou verstaan ons ook wat ons te doen staan as ons deur 'n Geths. van lyding & donkerheid moet gaan, as ons ook deur die klowe van beproewing en versoeking moet gaan dat God d/mee aan ons &



aan die wêreld iets wil openbaar, wat ons nog nooit vantevore so besef het nie! Miskien is dit om ons onder die (1) besef van ons eie tekort te bring, miskien is dit om ons (2) te laat ly vir 'n ander persoon, miskien is dit om ons (3) siel te laat groei in genade en liefde! Wat dit ookal mag wees van een ding is ons seker: God sal geen nag v. Geths. stuur of daar wag die môre van Oorwinning

Soos Xtus se lyding in G. die vergifnis v.d. Vader openbaar het in al sy volheid, so gebruik God ons Gethse. om die nag van sonde in ons & ander se lewes te breek en om die vergewende genade van God aan my en u te openbaar.

// Laat dit ons ankerplek wees in tye van storm, ons ligpunt in die nag van duisternis as ons ook miskien mag bid dat ons drinkbeker verby mag gaan: Onse Vader weet waarom Hy dit stuur en as Hy van ons vra om te drink is dit alleen omdat Hy ons wil gebruik om sy vergifnis & sy liefde aan 'n verdwaalde wêreld te gaan toon"

Amen.